Skriflesing: 1 Thessalonicense 2:1-20
Teks: **1 Thessalonicense 2:3-4; 13, 19-20**
Sing- Ps. 43:3,4; Ps. 50:7,8; Ps. 33:7; Ps. 20:2,6,9; Ps. 68:9

1 Thessalonicense 2

1Th 2:1 Julle weet tog self, broeders, dat ons ingang by julle nie tevergeefs was nie;
1Th 2:2 maar alhoewel ons vantevore, soos julle weet, in Filippi gely het en mishandel is, het ons in onse God vrymoedigheid gehad om aan julle die evangelie van God te verkondig onder veel stryd.
1Th 2:3 Want ons vermaning was nie uit dwaling of uit onsuiwerheid of uit bedrog nie;
1Th 2:4 maar soos ons deur God waardig geag is dat die evangelie aan ons toevertrou sou word, so spreek ons, nie om mense te behaag nie, maar God wat ons harte beproef.
1Th 2:5 Want ons het, soos julle weet, ons nooit met vleitaal opgehou of met bedekte hebsug nie. God is getuie.
1Th 2:6 Ook het ons nie eer van mense, òf van julle òf van ander gesoek nie, al kon ons as apostels van Christus met gesag optree.
1Th 2:7 Maar ons was vriendelik onder julle soos ‘n pleegmoeder haar kinders koester.
1Th 2:8 Terwyl ons so na julle verlang het, was dit ons aangenaam om aan julle nie alleen die evangelie van God mee te deel nie, maar ook ons eie lewe, omdat julle vir ons dierbaar geword het.
1Th 2:9 Julle onthou tog, broeders, ons arbeid en inspanning; want terwyl ons nag en dag gewerk het om niemand van julle te beswaar nie, het ons die evangelie van God aan julle verkondig.
1Th 2:10 Julle is getuies, en God, hoe heilig en regverdig en onberispelik ons ons gedra het teenoor julle wat glo,
1Th 2:11 hoe ons, soos julle weet, net soos ‘n vader sy kinders, elkeen van julle vermaan en bemoedig het
1Th 2:12 en betuig het dat julle waardiglik moet wandel voor God wat julle tot sy koninkryk en heerlikheid roep.
1Th 2:13 Daarom dank ons God ook sonder ophou dat, toe julle die woord van God ontvang het wat deur ons verkondig is, julle dit aangeneem het nie as die woord van mense nie, maar, soos dit waarlik is, as die woord van God wat ook werk in julle wat glo.
1Th 2:14 Want julle, broeders, het navolgers geword van die gemeentes van God wat in Christus Jesus is in Judéa, omdat julle ook dieselfde dinge gely het van julle eie stamgenote net soos hulle van die Jode,
1Th 2:15 wat ook die Here Jesus en hulle eie profete gedood en ons vervolg het en God nie behaag nie en teen alle mense gekant is,
1Th 2:16 deurdat hulle ons verhinder om tot die heidene te spreek dat hulle gered kan word, sodat hulle die maat van hulle sondes gedurig vol kan maak. Maar die toorn het oor hulle gekom tot die einde toe.
1Th 2:17 Maar nadat ons, broeders, ‘n kort tydjie van julle geskeie was—in persoon, nie met die hart nie—het ons met groot verlange ons des te meer beywer om julle aangesig te sien.
1Th 2:18 Daarom wou ons na julle toe kom, ek Paulus, meer as een maal; maar die Satan het ons verhinder.
1Th 2:19 Want wie anders as julle is ons hoop of blydskap of kroon van roem in die teenwoordigheid van onse Here Jesus Christus by sy wederkoms?
1Th 2:20 Want julle is ons eer en blydskap.

Skriflesing: 1 Thessalonicense 2:1-20
Teks: **1 Thessalonicense 2:3-4; 13, 19-20**
Sing- Ps. 43:3,4; Ps. 50:7,8; Ps. 33:7; Ps. 20:2,6,9; Ps. 68:9

Broeder en suster, ons het verlede Sondag gehoor die mooi dinge wat Paulus van hierdie gemeente gesê het. Die Woord wat daar weerklink, die wyse waarop hulle as slawe, as dienaars van Christus van die afgode bekeer het, hulle verwag Jesus Christus, Jesus wat uit die dode opgewek is, Jesus wat ons van die toekomstige toorn sal verlos. Vandag kom ons by nog 'n kernelement van hierdie oudste brief van Paulus. Paulus wil die gemeente bemoedig en versterk. Nou weet ons ware bemoediging kan alleen grondvat as daar ook vermaning sal wees. Vermaan mekaar deur mekaar te bemoedig, bemoedig mekaar deur ook te vermaan. Hierdie twee sake sluit mekaar in soos 'n sleutel by 'n slot moet insluit om dit oop te sluit.

Hoofstuk 2 wil vir ons vandag by hierdie voorbereiding en waar 2 gelowige jongmense hulle geloof wil bely, nie net wys hoe lyk 'n kerk waar daar mooi dinge gebeur nie, maar wat maak dat ons as kerk kan aanhou om waarlik kerk te wees. Ons kan alleen aanhou as ons geloofwaardig sal wees. Die tema waarmee ek dan hierdie gedeelte mee wil oopsluit is- ***waardige bedienaars maak die kerk geloofwaardig deur hulle prediking.*** Wanneer is 'n bedienaar dit waardig in wat hy doen. In die tweede plek die belang van die geloofwaardige prediking. Op die einde kyk ons na die prys, die erekrans waarmee God die geloofwaardige dienaar en kerk mee beloon. Eerste dan die vraag na:

Wanneer is die bedienaar dit waardig in wat hy doen?

Paulus het in hfst. 2 baie duidelik te doen met die verdediging van sy roeping en met die verdediging van sy persoon. Ons kan duidelik aflei dat daar was verdagmakery aan die gang. Rondom vers 3 lei ons af dat mense gesê het, julle is met dwaling besig, julle is besig met onsuiwerheid, julle is eintlik met bedrog besig. Nou weet ons hoe maklik kan iemand anders die verkeerde storie versprei en wat dit nog erger maak is dit word so maklik geglo.

In die tyd wat Paulus aan die gemeente skrywe was daar al baie keer mense wat voorgee hulle praat die waarheid. Rondtrekkende filosowe en predikers wat mense allerhande dinge wil wysmaak. Mense wat hulleself gewild wil maak en geld wil maak uit die kamtige slimmighede wat hulle kwytraak. So word mense meegevoer en opgesweep en word dit alles eintlik net een stuk ménse verheerliking waar sulke valse leraars alles sal doen om hulleself die middelpunt van hulle hele optrede te maak.

Hierin wys Paulus die verskil tussen waarvan hulle hom beskuldig het en wat die ware toedrag van sake is. Paulus bewys dat die waardigheid om die Evangelie te verkondig nie uit homself is nie. God het hom waardig geag.

***

In hfst. 1:9 het hy al gewys op die ingang wat God vir hulle by hierdie gemeente gegee het. Die Here maak deure oop. Deure waarin die bedienaar net moet ingaan. Hulle hoef niks uit hulleself te bewys nie. Dit is selfs nie eers hulle werk om mense te oortuig nie. Die feit dat hulle iets het om aan die mense te sê is om te bewys hoe swak die mens in homself is. Paulus het reeds baie swaar gekry deur geen gemaklike lewe vir homself te soek nie. 'n Ware bedienaar sal nie alles so gemaklik moontlik vir homself/haarself wil maak nie. Daar kom baie opoffering en selfs mishandeling op die mens wat waardig die roeping optree.

Wanneer Paulus Thessalonika die eerste keer besoek, daar was nog nie eers 'n kerk nie, wel 'n sinagoge, dan kom hy so pas uit die tronk uit Filippi. In Filippi is hy mishandel, hy en Silas is wreed met stokke geslaan, hulle voete was in blokke gesit, in die koue kelderverdieping van die gevangenis. Waarskynlik was hulle so geslaan en seergemaak dat hulle daardie middernag vir die eerste keer weer in staat was om te bid en te sing. Hulle was net te seer en te vermink om dit vroeër te kon doen. Ons ken die geskiedenis, toe hulle lofliedere daardie nag weerklink het 'n aardbewing daardie tronkdeure oopgeruk. Die tronkbewaarder het sy lewe wou neem, hy is net betyds gekeer en is hy en sy gesin gedoop. Daar het waarlik belydenis van hulle geloof plaasgevind, iets wat ons ook vanoggend kan hoor.

***

Ja, dit wil voorkom toe Paulus hulle uit Filippi die volgende dag losgelaat is, het hulle dadelik na Thessalonika vertrek en die eerste Sabbat het hulle al in die sinagoge weer begin preek. Daar het hulle net drie weke kon bly, daar was net drie Sabbatte se bediening toe is die gramskap van die Jode los. Hulle moet weer vlug. Wie sal sulke swaarkry deurgaan en dit as tot sy eie voordeel wil gebruik. So iemand is van sy kopaf!

Al hierdie verdrukkinge en slae het Paulus-hulle deurgegaan en dit ter wille van die evangelie. Ja, geliefdes Paulus se liggaam vol littekens wys dat hy en sy medearbeiders is alles behalwe daardie verleiers wat mense met hulle boodskap en eie slimmighede verlei. Al het baie gesê dat Paulus is ook maar net 'n korreltjie pikker, of soos dit in Afrikaans vertaal word 'n praatjiemaker (Hand 17:18).

Hierdie swaarkry dien wel as agtergrond dat daar iets baie groter moet wees as net dit wat my hier bring. Paulus hou aan en aan, al bring dit oor homself soveel seer en ellende. As u nou Paulus se redenasie mooi lees dat daar geen selfsugtige motiewe of enige vuil gewin in hulle optrede kan wees nie dan is die belangrikste wat Paulus aan die Thessalonicense wil bewys is dat hulle verby hom moet kyk, sien die Koninkryk van God raak, dit waarom dit werklik om moet gaan.

Dan sal julle besef my selfverdediging is eintlik geen selfverdediging nie, maar hy verdedig inderwaarheid die Evangelie. Die waardigheid om die Evangelie te verkondig kom hoegenaamd nie uit homself nie, maar God het hom waardig geag. Hy wat 'n vervolger van die kerk was, 'n godslasteraar, 'n geweldenaar. Hy wat bly was toe Stefanus een van die eerste diakens met klippe doodgegooi is, hy wat op die pad na Damaskus net nog verder moord teen die christene geblaas het maar God het Paulus die vervolger van die kerk op daardie Damaskus-pad op die grond neergegooi. U ken daardie geskiedenis. God het hom 'n instrument gemaak wat die evangelie moet verkondig.

Ja, inderdaad 'n geloofwaardige instrument, want iemand wat so teen die Evangelie was en nou 'n totale omkeer gemaak het, dit kan nie vanuit die mens wees nie. Die Here het hom gemaak wat hy nooit uit homself kon wees nie, onbegryplik beleef en beskryf hy dit dat God se genade, hom wat die grootste van alle sondaars was, ja in 1 Kor 15:8 noem hy homself n ontydig geborene (in die Grieks ἔκτρωμα (ektroma)-)ek wat 'n misgeboorte is, ek moes wees geaborteer, maar aan my het God die evangelie toevertrou. Ek moet nou eenvoudig doen wat van my verwag word. Hy kan nie stilbly nie.

Hy moet praat oor wat hy gesien en gehoor het. Die Here weet hoe hart en siel staan daarbinne. God beproef die harte (1 Sam. 16:7), God is die getuie van wie hy is en wat sy motiewe is. Dit sê hy ook aan die einde van vers 5- *God is getuie...* 'n groter Getuie kan daar nie wees nie! Ons behaag nie mense nie, ons hou ons nie op met vleitaal nie, ons het nie bedekte hebsug nie, ons soek ook nie die eer van mense nie.

Ja, dit kom maar alles terug na die beskuldiging van julle dwaal, julle is onsuiwer, julle is vol bedrog. Ja, daar is dwaalleraars, Paulus waarsku self baie teen hulle (kyk maar na Ef. 4), mense vir wie jy op jou hoede moet wees, ja ook die filosowe wat julle ons met hulle wil

vergelyk, hulle is inderdaad vol dwaling. Onsuiwere bedoelings wys op allerhande gunsies en korrupsie waar die afgodediens baie keer gepaard gaan met seksuele uitspattighede. Paulus-hulle was beskuldig van bedrog, die Nederlands praat van listige wyses, waar iemand mense se swakhede uitbuit ter wille van eie voordeel. Al hierdie dinge het Paulus hom teen verdedig, hy kon as waardige bedienaar aantoon God maak my wat ek nooit sou kon wees nie, maar ons tweede gedagte staan net nog sterker-

Die belang van die geloofwaardige prediking:

Die waardige bedienaar maak die kerk geloofwaardig. Broeder en suster kan dit waar wees?! Is dit nie wat vers 13 beteken nie? *13 Daarom dank ons God ook sonder ophou dat, toe julle die woord van God ontvang het wat deur ons verkondig is, julle dit aangeneem het nie as die woord van mense nie, maar, soos dit waarlik is, as die woord van God wat ook werk in julle wat glo.* Die bron van die prediking moet waardige bedienaars wees. Dit het ons eerste punt reeds bewys. Nou beweeg alles weg van wat Paulus oor homself moes sê en wat hy sy eie roeping en persoon en lewe mee moes verdedig, want die groot vraag is waarmee kom hy wat Paulus is na hulle. Is dit God se Woord of die woord van mense...

Ja, julle wat julle geloof bely, klomp dinge wat julle van rekenskap moes gee, julle is waardig bevind om vanoggend julle geloof te bely, net soveel ons almal wat volgende Sondag Nagmaal wil vier, ons moet as waardige tafelgenote aan die tafel van die Here wil aansit. Die groot vraag waarby alles staan en val wat is die belang van dit alles as die prediking nie God se Woord meer is nie. As ek my geloof bely want ek voeg my maar by mensewoorde of ek vier Nagmaal want dit is tog heilsaam, maar moet nou nie meer van my verwag nie. Volgende Sondag is ek beslis hier, want dit is darem Nagmaal, daarna sien julle my weer vir weke nie, ek het darem hierdie moeite gemaak om twéé Sondae hier te wees. Broeder en suster, het u dan Nagmaal wou vier ter wille van God of ter wille van uself. Gaan dit hier om God of gaan dit om ons as mense. Gaan hierdie preek en so elke preek maar om wat 'n mens graag wil sê of is ons nie bereid om dit wat hier staan ons eie te maak nie.

***

Paulus het maar drie weke hier in hierdie stad gepreek, baie preke kon daar nie wees nie, maar wat Paulus van hierdié gemeente in besonder waardeer is dat hulle die prediking werklik sien vir wat dit is- GOD SE WOORD! Hyself sou voel, as ek maar meer kon doen, alles is so onafgehandel, afgerond, moes hulle my so gou wegjaag, maar Paulus is so dankbaar vir die boodskap wat Timotheus hom later oorgedra het, dat hy van dankbaarheid

en blydskap die gemeente aanprys. Nie net is die gemeente mooi in wat ons verlede week kon hoor nie, hulle word net nog mooier, want die gemeente het Paulus se prediking aangeneem as die Woord van God. Daarvoor wil Paulus die Here sonder ophou dank. Hy is so bly, hy sê dat hier bid hy van blydskap 'n onophoudelike gebed- vers 13- *Daarom dank ons God ook sonder ophou...* Dit wat deur ons verkondig is, julle het dit aangeneem, nie as woord van mense nie, maar soos dit waarlik is, as die woord van God.

Die groot vraag wat eintlik as ware toets na ons toe moet kom is watter bewys het Paulus dat hulle verkondigde woord wel God se Woord is. Dit staan aan die einde van vers 13- die Woord werk. Die bewys dat Paulus se prediking, God se Woord is lê in die feit dat die Woord werk. Die Woord is Self die waarborg. Dit is 'n Woord wat in julle werk. Vir die woord werk staan in die Grieks die woord ἐνεργέω energeo- dit is waar ons woord energie vandaan kom. Wat Paulus eintlik dan sê die woord soos deur hulle verkondig is God se Woord want dit is 'n woord vol van energie. Daar sit krag in die Woord, daar is werklik 'n uitwerking, dit is soos 'n vuur wat aanhou brand. Daar gebeur iets. Dit val nie plat nie. Dit keer nie-leeg na God terug nie. Dit wat in Rom.1:16 staan, dit gebeur, die Evangelie *is 'n krag tot redding*. Dinamies keer dit harte om.

Besef ons dan werklik die waarde van wat Paulus hier sê. Die belang, die waarde van geloofwaardige prediking wat geen geld kan koop nie. Wanneer God se Woord deur die mond van die waardige prediker tot die kinders van die Here kom dan is dit 'n geval dit sal soos dinamiet ontplof. Ja, hierdie verkondigde Woord is anders as maar net mensewoorde. 'n Mensewoord kan nie dieselfde doen as dit wat God se Woord doen nie. Ja, 'n mensewoord is leeg, is ydel, dit is eintlik doods, sonder krag en energie. Ons kan mensewoorde nie met God se Woord eers vergelyk nie.

Daarom geliefdes, besef u werklik die waarde, die belang van die verkondigde Woord, as dit werklik is dit wat die Here hier deur Paulus aan ons bekendmaak, as 'n mens die woord ontvang wat aan ons verkondig word, dat ek dit dan nie aanneem as die woord van mense nie, *maar soos dit waarlik is, as die woord van God wat ook werk in julle wat glo...*

In Jesus Christus is die Woord die duidelikste, Hy wat Self die Woord is, wanneer die krag van die Woord werk dan gaan dit om die werk van Jesus Christus, Hy wat die allerduidelikste openbaring van die krag en die werking van die Woord openbaar. *In die begin was die*

Woord en die Woord was by God en die Woord was God (Joh. 1:1). In alles styg die Woord wat werk uit ons sondige gedagtes en ellende, ons besef hoe nodig het ons hierdie Woord. Sonder die Woord sal daar niemand nog ooit belydenis van geloof kon aflê nie, sonder die Woord durf niemand naby 'n Nagmaalstafel kom nie. Tog ons mag vandag hierdie Woord hoor en dit aanneem. Ons mag glo dit wat ook in Rom 10:8-10 staan- *Naby jou is die woord, in jou mond en in jou hart. Dit is die woord van die geloof wat ons verkondig:* ***9*** *As jy met jou mond die Here Jesus bely en met jou hart glo dat God Hom uit die dode opgewek het, sal jy gered word;* ***10*** *want met die hart glo ons tot geregtigheid en met die mond bely ons tot redding*. Ja, Rom 10:14-15 wys die belang en waarde van die geloofwaardige prediking net nog duideliker- ***14*** *Hoe kan hulle Hom dan aanroep in wie hulle nie geglo het nie? En hoe kan hulle in Hom glo van wie hulle nie gehoor het nie? En hoe kan hulle hoor sonder een wat preek?* ***15*** *En hoe kan hulle preek as hulle nie gestuur word nie? Soos geskrywe is: Hoe lieflik is die voete van die wat die evangelie van vrede verkondig, van die wat die evangelie van die goeie verkondig!*

Broeder en suster, die belang van die prediking is dat mens gestuur moet wees, dan is die bedienaar waardig in wat hy moet doen. Dit wat Paulus hier so duidelik aan die Thessalonicense aangaande homself gemaak het, maar die belang van die prediking gaan oor tot die werking. Die werking van 'n preek moet sterker en groter gesien word as wat die grootste atoombom wat daar kan wees. Die energie vrystelling van die Woord moet vir ons 'n groter krag wees as al die atoombomme van die wêreld saam.

Maar geliefdes, 1 Thessalonicense 2 het by hierdie belydenisaflegging en voorbereiding nie net op die belang van die prediking en die werking van die prediking gewys nie, daar wag ook 'n erekrans op hom/haar vir wie die verkondigde woord werklik as God se Woord die botoon voer.

Ons laaste gedagte dan-

<u>Die prys of die erekrans waarmee God die geloofwaardige dienaar en kerk mee beloon.</u>

Verlede week het ons al gesien Thessalonicense wat elke hoofstuk wys op die wederkoms van Jesus Christus. Dit is eintlik 'n klimaks in elke hoofstuk. Aan die einde van hfst. 1 staan daar die verwagting van God se Seun uit die hemel. Vandag gaan dit nog verder. Paulus praat in die briewe nie soseer oor die wederkoms nie, maar gebruik hy die woord as die Here

weer gaan verskyn of gewoon praat hy van die koms van die Here. Spesifiek het hierdie hoofstuk die plek van die aardse gemeente op die groot en beslissende dag wat gaan aanbreek. Elke een is hierby persoonlik betrokke. Hfst. 2 van Thessalonicense eindig aangrypend as Paulus van die gemeente sê - *julle is ons hoop of blydskap of kroon van roem in die teenwoordigheid van onse Here Jesus Christus by sy wederkoms?* ***20*** *Want julle is ons eer en blydskap.*

Die gemeente wat die verkondigde Woord in alles sien werk het. Die Woord het in hulle gewerk, die gemeente ontvang 'n erekrans waarmee God hulle sal beloon. Ja, Paulus gebruik hier 'n beeld uit wat toe al bekend was as die Olimpiese Spele. Die bekende atletiekbyeenkoms het 'n groot plek in die lewe van die Grieke ingeneem. Ja, die wedywering op die baan was vir die Grieke nie net 'n atletiek fees nie, maar ook 'n fees ter wille van die gode, die afgode, want weet ons by die Olimpiese Spele is die afgod Zeus vereer en by die Isthmus spele in Korinte vanwaar Paulus hierdie brief geskryf het, daar het hulle weer vir Poseidon, die god van die see wou verheerlik. Wanneer die wenner van die baan stap dan is daar groot heldeverering. Die skare juig en jubel en was dit nog altyd die tradisie dat aan die oorwinnaar word 'n erekrans van olyftakke oor sy nek gehang.

***

Paulus het presies hierdie beeld van die Olimpiese Spele hier voor oë maar die verskil kom wanneer God die erekrans gaan omhang. In 1 Kor. 9 het Paulus dieselfde Olimpiese beeld waar hy praat van 'n onverwelklike krans wat ons sal ontvang. So sluit hierdie hoofstuk dan vandag af met die gemeente as die olyfkrans self. Hy sê van die gemeente *julle is ons kroon van roem*- meer letterlik vertaal staan hier julle is ons erekrans. Sien u dit saam met Paulus in wat ons geloofsoog moet sien. Ook wanneer vandag hierdie jongmense belydenis aflê, in die geloof kan hulle na vore tree met die erekrans wat die Here om hulle wil hang. 'n Krans gevleg met takke van hoop en liefde en blydskap. Dit alles in teenwoordigheid van ons Here Jesus Christus. Julle is ons eer en blydskap. Ons sien julle twee raak waar ons hele gemeente altyd ons bestaan in verband met die wederkoms van Jesus Christus moet raaksien. Alles in ons kerk-wees, ook ons voorbereiding vir volgende Sondag se Nagmaal moet gerig wees op hierdie kroon van roem, erekrans van roem.

Op die aarde hardloop ons op verskillende paaie, ons is in 'n wedloop, die aardse wedloop waarin u en ek is, man, vrou, kind, ons kom by baie opdraandes, steiltes, klippe, ons moet

baie keer hard hardloop om net te vorder, ons word met tye baie moeg, dit voel ons kan die pas nie volhou nie, maar geliefdes hou aan daar gaan ’n wenpaal wees. Die wederkoms van Christus breek die lint vir ons elkeen hier vandag, in Hom is ons meer as oorwinnaars, in Hom sal sy kinders elkeen ’n wenner wees.

Dan sal die gemeente deel wees van die erekrans van roem, dit sal ons as pragtige trofee oor ons koppe kan lig, terwyl ons nou nog in blydskap hierdie hoop vashou. Seker dit gaan kom, dit is ons hoop. Dit gee ons moed vir die toekoms. Die kerkmens is eintlik die enigste hoopvolle mense wat in hierdie lewe kan wees. As daar nie meer kerk is nie kan daar nie meer hoop wees nie. In die kerk is die enigste ware hoop en die mooiste blywende blydskap moontlik. Kom ons bid en werk, ons hardloop die week die wedloop tot by die Nagmaal, voorberei sien ons die Een, Jesus Christus wat die aardse wedloop klaar voluit gehardloop en voltooi het. Luister na sy bedienaars as mense waardig geroep tot sy bediening, mag die prediking geloofwaardig wees, die belangrikste wat die dienaar van Christus moet doen, om te bly preek, ja mag die gemeente hulleself voorstel, saam met die twee jong gelowiges vandag as kinders van die Here omhang met die erekrans van roem. Watter eer en blydskap!

AMEN